

Die Genade van die Here is groot

Teks: Psalm 51: 1 - 21

Teksvers: Psalm 51: 18 & 19

1. Inleiding

In 2016 en 2017 word die Afrikaanse term beeldpoetser in gebruik geneem. Die vorige president en sy handelsvennote gebruik 'n firma om te beeldpoets en daarom die nodigheid van die ontstaan van die term. Tog is dit glad nie 'n moderne saak nie. Ons kan vanoggend argumenteer dat selfs Koning Dawid alreeds in die Ou Testament besig was met beeldpoetsery. Nadat Hy owerspel gepleeg het met Batseba, laat Hy haar man Urija vermoor. Hy doen dit om as koning ten minste in die oë van die mense Godvresende en opreg voor te kom.

Maar wanneer die profeet Natan hom konfronteer, kan koning Dawid nie meer verder die waarheid ontduik nie. In Psalm 51 ervaar ons sy diepe skuldbesef. Psalm 51 word dan 'n smeking vir genade uit die hand van die Here. Onverdiende genade vir 'n sondaar mens wat van enige verskoning of verontskuldiging gestroop is.

Ons gaan vanoggend Psalm 51 bestudeer. En onmiddelik moet ons besef dat ons dit nie vanuit 'n hoogmoedige veroordelende posisie kan doen nie. Vandag om ons wil mense eerder die slagoffer wees. Daar

word gewoonlik ekstern gesoek na een of ander verskoning. Ons kan sê dat hierdie opregte eerlike skuldbelydenis van Psalm 51, beswaarlik oor die moderne mens se lippe sal kom. Tog is dit juis hoekom ons die evangelie van verlossing nodig het. Omdat die mens in werklikheid nie so onskuldig is nie.

Kom sing saam met die man na God se hart hierdie treurlied oor skuld, verlorenheid, maar uiteindelik ook verlossing en redding. Verlossing wat ook uiteindelik verder as my as individu strek. Kom ons word stil voor die genade van God, en die gepaste antwoord van gehoorsaamheid.

2. Ek is skuldig

Ons ken die geskiedenis in 2 Samuel 12 goed. Natan gaan openbaar 'n profesie aan Dawid. Hierdie profesie van die Here, openbaar aan Dawid dat niks werklik in die geheim gebeur nie. Dit is die eerste probleem met 'n opregte geloofsbeoefening. Met respek gesê maak die moderne mens vir God klein, ons kan amper sê dat ons die Here probeer onskadelik stel. Ons doen dit deur meer en meer die bonatuurlike te verwerp.

Die konsep van 'n almagtige alwetende God en hemelse Vader is vreemd vir die moderne mens. Ons dink soos wat ons, ons webkamera's toeplak of privaat instellings op ons fone

verander kan ons ook vir God wegkruip. Trouens hierdie wegkruip vir die Here is ook nie so nuut en modern as wat ons dink nie. In die tuin kruip Adam en Eva al weg. Maar Natan kom na Dawid en openbaar weereens aan hom dat God sien.

Wanneer al die voorgee en selfheiliging verdwyn voor die almagtige God en Here, staan ons skuldig. Volgens vers 6 staan ons skuldig teenoor die Here en Sy heiligheid, nie teenoor een of ander sosiale norm of gebruik nie. En hierdie skuldigheid is nie maar net 'n onlangse klein mis stappie nie. Dit is ons hele wese wat inherent boos is. Daardie erfsonde waarmee ons gebore word, en die voortdurende aangetrokkenheid tot boosheid en die donker. Soos ons in vers 7 lees: "Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het.

Eintlik het die mens geen kans op 'n geregtige lewe gehad nie. Tog is dit nie Dawid se verweer vir sy sonde nie. Hy aanvaar nie maar bloot sy benarde situasie nie. Hy probeer nie die nuwe normaal hier in die diep moeras van sonde skep nie. Hy verlang na verlossing, redding en genesing. Vers 9 se ontsondiging met 'n hisop takkie het die sterk verbinding met die reinings gebruik van 'n melaatse of ander onreine persoon. Dawid sê ek is en was nog altyd skuldig maar ek wil nie meer wees nie.

3. Ek kan nie self nie

Die ander deurlopende gedagte in ons teksgedeelte is dat Dawid nie self kan nie. Dit is eintlik juis die rede vir die bestaan van hierdie psalm. In Dawid se onvermoë smee Hy vir redding van die Here af. Hy weet dit is sy enigste opsie. Die bybelse gedagte van die hart staan sentraal in hierdie saak. Die bekende oproep in vers 12, die versoek aan die Here om 'n rein hart binne Dawid te skep openbaar hierdie waarheid aan ons.

Ons kan dit uit ons fisiologiese kennis van die fisiese hart vandag eintlik mooi verstaan en verduidelik. Wanneer 'n mens 'n swak hart kondisie het, word dit vandag dikwels aan swak gene, of dan DNS toegeskryf. Die kondisie kan so erg wees dat 'n hartoorplanting uiteindelik die enigste antwoord vir oorlewing is. Dit maak nie saak hoeveel medikasie of oefening so 'n persoon doen nie, dit sal nie help nie.

Dit is presies waar die mens vasgevang in die sonde ook is. Dit is 'n gespook en 'n gespartel in die moeras van die sonde, maar hulp moet vanuit buite kom. Vanuit 'n hoër hand. Die eniggebore Seun, ons Here Jesus Christus is uiteindelik die enigste antwoord. Dit is Hy wat Sy volmaak gehoorsame lewe kom opoffer om ons skoon te was, sodat ons witter as sneeu kan wees. Ons word vandag nog deur die Heilige Gees gelei om die waarheid te sien. Die waarheid dat ek 'n swak sondaar mens is. Dat my sonde en ongeregtheid groot voor

die aangesig van die Here is. Maar dat daar ook genade vir my is. Ook ek kan die vreugde en blydschap van die genadige verlossing in die Here ervaar.

4. Toewyding en verkondiging

Laastens moet ons stil word voor die feit dat verlossing en redding 'n baie persoonlike saak is. Ons ervaar baie intiem soos Dawid in ons teksgedeelte vandag die pyn van ongeregtigheid, maar ook die vreugde en blydschap van die Here se genadige verlossing. Tog kan verlossing en redding nie intiem veilig binne my weggesteek word nie. Want dan is ons steeds besig met daardie selfde oneerlike uiterlike rituele.

My verlossing en redding het 'n effek op die mense rondom my. In vers 15 en 16 is Dawid duidelik van die oortuiging om ook hierdie genade te gaan openbaar en verkondig aan ander mense. Ander mense moet ook die goedheid van die Here ervaar. Dawid wil oortreders leer, sodat sondaars hulle ook kan bekeer. My geloof moet buite toe leef. Geregtigheid en toewyding loop onkeerbaar uit op verkondiging. Op die ondersteun en opbou van my broers en susters in die gemeenskap van gelowiges.

Uiteindelik is dit wat opregte toewyding beteken. Want skielik lyk 'n klein offertjie of ritueel so klein en nikseggend. 'n Verslae hart vol ootmoed, is iets heletemal anders. Dit

Oggend Preek

beïnvloed my hele lewe. My emosies, gedagtes, optrede en uiteindelik my gewoontes. Maar dit strek dan ook verder as bloot ek as individu. Dit gaan deur tot by my medemens ook. 'n Hart vol ootmoed begeer ook 'n hart vol ootmoed vir my broer en suster in die geloof. Want wanneer ons almal saam ootmoedig die Here eer en dien, is ons ook besig om die koninkryk hier op aarde te begin bring. Toewyding kan dus nie sonder verkondiging en die fokus op my naaste geskied nie. 'n Rein hart is 'n hart wat ook my broer en suster opreg lief het.

5. Slot

Ons kan vanoggend hier diepe belydenis van skuld en ongeregtigheid met die volgende gedagtes afsluit. Die eerste is een van die kern eienskappe wat die waarheid van die skrif vir ons onderstreep. Hierdie eienskap behels die rou eerlikheid waarmee ook die foute en tekortkominge van selfs die helde in die Bybel beskryf word. Ons weet dit is nie die geval in enige ander helde biografie nie. En selfs wanneer ons na geskiedenis kyk, sien ons dat dit gewoonlik net die kant van die oorwinnaar is wat ons hoor.

Maar in die woord van die Here sien en hoor ons die skande van die man na God se hart, koning Dawid. En dit is juis ook waar die hoop van vanoggend se teksgedeelte lê. Dawid hoe nie vasgevang in die ongeregtigheid te bly nie. Hy hoef ook nie wetgewing te verander dat owerspel en

voorafbeplande moord goedgepraat en
die nuwe normaal word nie.

Nee, daar is iets baie beter. Dawid is
bewus daarvan en daarom ook sy
smekinge in hierdie teksgedeelte. Hy is
ken die genadige en barmhartige
Vader. En hy weet al reeds hier in die
Ou Testament dat die verlossing by die
Here te vind is. 'n Mens smeek tog ter
slot van sake net by iemand wat
werklik iets aan jou lot kan verander.
Ons hemelse Vader het ons dan ook so
lief dat Hy Sy eniggebore Seun na
hierdie wêreld stuur om ons sonde
skuld op Hom te neem.

Uiteindelik sien ons hierin die groot
genade van die Here, selfs vir sondaar
mense soos ons wat dit glad nie
verdien nie. Die genade van die Here is
so groot dat Hy nie die gekankte riet
sal afbreek of die dowwe lamppit sal
uitdoof nie. God is naby die gebroke en
verslae hart.

Amen